## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 24 APRIL 2018 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. EJ Bothma | : | Direkteur Tegniese Dienste – waarnemend |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Me. A Lawrence | : | Hoof: Behuising |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN020/04/2018**<br>**OPENING EN VERWELKOMING** | |
| Raadsheer van Rooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.<br>*** | |
| **BKN021/04/2018**<br>**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**<br>**3/3/1/4** | |
| Direkteur Tegniese Dienste – verlof<br>*** | |
| **BKN022/04/2018**<br>**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**<br>**3/3/1/6** | |
| Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br>*** | |
| **BKN023/04/2018**<br>**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 12 APRIL 2018**<br>**3/3/2/2** | |
| Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 12 April 2018 bekragtig word.<br>*** | ***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)*** |
| **BKN024/04/2018**<br>**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**<br>**3/3/2/2** | |
| Geen<br>*** | |
| **BKN025/04/2018**<br>**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**<br>**3/3/1/6** | |
| Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:<br>• Sy versoek dat 'n item rakende Bergrivier Munisipaliteit se mandaat vir die salarisonderhandelinge by SALGA In-Komitee bespreek word.<br>*** | |
| **BKN026/04/2018**<br>**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**<br>**3/3/1/5** | |
| Geen<br>*** | |

**BKN027/04/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN028/04/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SALARISONDER-HANDELINGE SALGA (IN-KOMITEE)**
**9/1/2**

Sien notulering by item BKN043.

***

**BKN029/04/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig terugvoer rakende die vergadering wat plaasgevind het op Vrydag 13 April 2018 met die Nasionale Departement Waterwese.

Sy meld verder dat Piketberg, Velddrif en Dwarskersbos 'n gemiddelde waterbesparing van 50.6% het vir Maart 2018 en bedank die inwoners vir hul samewerking.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Direkteur Tegniese Dienste in sy afwesigheid vir die goeie voorlegging wat hy gedoen het tydens die vergadering met die Nasionale Departement Waterwese.

Verder bedank hy die Departement Gemeenskapsdienste wat saamgewerk het om te verseker dat water nie onwettig uit die Bergrivier onttrek word nie en die Munisipale Bestuurder, Raadslid Wessels en die Direkteur Tegniese Dienste wat die vergadering saam met hom bygewoon het.

Die Munisipale Bestuurder deel die ervaring van die afvaardiging van Heist-op-den-Berg met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ten opsigte van die hantering van die waterkrisis in Bergrivier Munisipaliteit.

By navraag deur die Speaker bevestig die Munisipale Bestuurder dat die Direkteur Tegniese Dienste sal poog om munisipale boorgat water in die sisteem te plaas teen middel Junie 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN030/04/2018**
**2017/18 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 3: 1 JANUARY – 31 MARCH 2018 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5/5**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion.

The Executive Mayor asked the relevant officials to explain their red and orange sections to the Committee members:

- Municipal Manager – 1 red
- Director Corporate Services – 1 red
- Director Financial Services – 2 orange

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That the quarterly performance report for Quarter 3 (1 January – 31 March 2018) be noted; and

2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***

**BKN031/04/2018**
**BEHUISING: TRAJEKTE KAMP ONTWIKKELING, PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Hoof: Behuising lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Gemeenskapsdienste Komitee-vergadering op Woensdag 09 Mei 2018.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN032/04/2018**
**BEHUISING: VERKOOP VAN HOSTELLE (12): VELDDRIF**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direksievergadering van Maandag 14 Mei 2018 en/of Munisipale Bestuurder soos van toepassing.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN033/04/2018**
**BEHUISING: INFORMELE AREA BEWONERS RONDOM DIE HOSTELLE - 137 – PROJEK VELDDRIF**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direksievergadering van Maandag 14 Mei 2018 en/of Munisipale Bestuurder soos van toepassing.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN034/04/2018**
**BEHUISING: DAKLOSE PERSONE: VELDDRIF**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direksievergadering van Maandag 14 Mei 2018 en/of Munisipale Bestuurder soos van toepassing.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN035/04/2018**
**BEHUISING: 19A & 19B St. CHRISTOPHERSTRAAT, LAAIPLEK, VELDDRIF**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direksievergadering van Maandag 14 Mei 2018 en/of Munisipale Bestuurder soos van toepassing.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN036/04/2018**
**BEHUISING: VYF (5) VAKANTE ERWE, VELDDRIF**
**9/1/2**

Die Hoof: Behuising en die Portefeulje Voorsitter Gemeenskapsdienste gee breedvoerig agtergrond oor die item onder bespreking.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek die volgende:

- Dat items eers by die Direksie en Staande Komitees bespreek word alvorens dit vir oorweging/besluitneming na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word; en
- Dat Komiteevergaderings binne die geskeduleerde tyd plaasvind.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat 'n aansoek na Departement van Menslike Vestiging gerig word ten einde befondsing te bekom om topstrukture op te rig;
2. Dat erwe 1996 en 1997 te Velddrif beskikbaar gestel word vir die oprigting van topstrukture vir GAP huise;

3. Dat punt 2 hierbo onderhewig is daaraan dat 'n beleid en proses vir GAP-behuising opgestel word en voorgelê word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging;
4. Dat Gemeenskapsdienste teen einde September 2018 'n beleidsdokument sal saamstel ten opsigte van GAP-behuising vir Bergrivier Munisipaliteit;
5. Dat erwe 2521, 2523 en 2625 te Velddrif beskikbaar gestel word vir die oprigting van topstrukture vir laekoste behuising (HOP-behuising);
6. Dat die toekenning van die erwe volgens die Raad se Toekenningsbeleid geskied; en
7. Dat items eers by die Direksie en Staande Komitees bespreek word alvorens dit voorgelê word vir oorweging/besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***DIREKSIE***

***

**BKN037/04/2018**
**RISK MANAGEMENT POLICIES REVIEW 2017/18**
**12/2/2/21**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under Discussion.

Additional inputs were provided by the Internal Auditor.

**RESOLUTION**

That the Risk Management Policies be considered and approved by the Executive Mayoral Committee.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN038/04/2018**
**NOTULE VAN DIE PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 07 DESEMBER 2017**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Prestasie- en Ouditkomiteevergadering van Donderdag 07 Desember 2017.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN039/04/2018**
**NOTULE VAN DIE RISIKOBESTUURSKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 30 NOVEMBER 2017**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Risikobestuurskomiteevergadering van Donderdag 30 November 2017.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN040/04/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**

Geen

***

**BKN041/04/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN042/04/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN043/04/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS: SALARISONDERHANDELINGE SALGA**

**BESLUIT**

1. Dat die mandaat vir doeleindes van SALGA se salarisonderhandelings soos volg sal wees:

   1.1 Dat die aanpassing van die vergoeding van werknemers en implementering van die voorgestelde "Wage Curve" nie die begrote 7,4% aanpassing oorskry nie met inbegrip van diensverhogings (service increments) en die voorgestelde verhoging van die behuisingstoelae vir kwalifiserende werk-nemers; en

2. Dat toekomstige aanpassings inklusief sal wees van alle komponente van vergoeding en gebaseer word op en nie die amptelike Verbruikers Prys Indeks oorskry nie.

***

**BKN044/04/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN045/04/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:05*

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
17 MAY 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER***
***(WAARNEMENDE UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***